

Gedragkode

*Code of
Conduct*

**LAERSKOOI
BOSVELD
PRIMARY**





Inhoudsopgawe Table of Contents

Gedragkode Code of Conduct

1. Etiekkode <i>Code of Ethics</i>	4
2. Simboliek en Etiekkode <i>Symbolism and Ethical Code</i>	3
3. Merietebeleid <i>Merit Policy</i>	14
4. Dissiplinêre kode en skoolreëls <i>Disciplinary Code and School Rules</i>	19
5. Bullebakkerie en kuberbullebakkerie <i>Bullying and Cyber Bullying</i>	34
6. Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders <i>Procedure for Disciplinary action against learners</i>	43
7. Gedragkode vir ouers en besoekers <i>Code of conduct for parents and visitors</i>	53
8. Vorms & dokumentasie vir Gedragkode <i>Forms & Documentation for Code of Conduct</i>	60

*Simboliek &
Etiekkode
Symbolism &
Ethical Code*

**LAERSKOOŁ
BOSVELD
PRIMARU**





Laerskool Bosveld Primary

Etiekkode / *Code of ethics*

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

I, hereby solemnly commit myself to the Constitution of the Republic of South Africa, and undertake to respect, comply with and promote the law and the legal system.

Ek verbind my daartoe om: / *I commit myself to:*

- hierdie gedragkode en al die reëls, regulasies en waardes van Laerskool Bosveld Primary getrou na te kom; / *adhere faithfully to this code of conduct and all the rules, regulations and values of Laerskool Bosveld Primary;*
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf; / *maintain high moral and ethical standards;*
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees; / *strive for conduct that is responsible at all times and does the school credit;*
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en / *do my school work diligently, conscientiously and with dedication; and*
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, mede-leerders en besoekers te betoon. / *display the necessary courtesy and respect towards all staff, fellow learners and visitors.*

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragkode en waardestelsel na te kom.

I subject myself to any disciplinary measure should I fail to comply with any provision or measure contained in the school's code of conduct and values.

LEERDER: NAAM & VAN: _____

LEARNER: NAME & SURNAME:

OUER/VOOG: NAAM & VAN: _____

PARENT/GUARDIAN: NAME & SURNAME:

GRAAD / GRADE: 2019 _____

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG
SIGNED AT _____ ON THIS DAY

VAN / OF _____ 20_____

HANDTEKENING/SIGNATURE

LEERDER
LEARNER

OUER
PARENT



Inhoudsopgawe Table of Contents

Simboliek en Etiekkode **Symbolism and Ethical Code**

1.	Visie / <i>Vision</i>	6
2.	Missie / <i>Mission</i>	6
3.	Etiekkode / <i>Code of Ethics</i>	6
3.1	Ons strewe na leerders <i>We strive towards learners</i>	6
3.2	Ons strewe na personeel <i>We strive towards staff members</i>	7
3.3	Ons strewe na ouers <i>We strive towards parents</i>	7
3.4	Ons strewe na 'n skool <i>We strive towards a school</i>	7
4.	Waardes / <i>Values</i>	8
5.	Bossiegedrag / <i>Bossie behaviour</i>	8
6.	Goeie maniere / <i>Good manners</i>	9
7.	Skoollied / <i>School Anthem</i>	10
8.	Skoolwapen / <i>School Badge</i>	12
9.	Skoolvlag / <i>School Flag</i>	13
10.	Skooldrag / <i>School Uniform</i>	13

Simboliek- en Ettiëkode

Symbolism and Ethical Code

1. Visie / Vision

Om elke leerder tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

To develop each learner to his/her full potential.

2. Missie / Mission

- Om opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers aan te stel wat leerders sal aanmoedig, sodat hulle kan ontwikkel in selfdenkende en afgeronde individue. / *To appoint trained and qualified teachers who will encourage learners to develop in self-thinking and well-rounded individuals.*
- Om vir leerders 'n platform te skep wat hoë gehalte akademies bied en wat leerders toegang gee tot buitemuurse aktiwiteite waarbinne elke leerder kan groei tot sy/haar volle potensiaal. *To provide learners with a platform that offers high quality education and which gives learners access to extra-curricular activities within which they can grow to their full potential.*
- Om 'n toegewyde beheerliggaam en bestuurspan aan te stel wat daarna sal streef om besluite te neem tot voordeel van die skool en die skool se leerders, ouers en onderwysers. *To appoint a dedicated governing body and management team who will strive to make decisions for the benefit of the school and the school's learners, parents and teachers.*
- Die daarstelling en ontwikkeling van toegeruste leerders wat met entoesiasme en selfvertroue die sosiale gemeenskap sal betree en wat positief sal bydrae tot die welsyn van sy/haar direkte omgewing. / *The establish and develop well-equipped learners that will enter society with enthusiasm and self-confidence, and who will contribute positively to the well-being of his/her immediate environment.*

3. Ettiëkode / Code of Ethics

3.1 Ons strewe na: Leerders **We strive towards: Learners**

- 'n Bosveld-leerder wat trots sal wees op sy/haar skool en wat omgee vir sy/haar skool, onderwysers en mede-Bossies. / *A Bosveld learner who will be proud of his/her school and cares for his/her school, teachers and fellow Bossies.*
- 'n Bosveld-leerder wat betrokke sal wees by soveel moontlik aktiwiteite en te alle tye sy/haar beste te doen. / *A Bosveld learner who will be involved in as many activities as possible and do his/her best at all times.*
- 'n Bosveld-leerder wat te alle tye 'n netjiese, verantwoordelike en goedgemanierde Bossie sal wees. / *A Bosveld learner who will be a neat, responsible and a well-organized Bossie at all times*
- 'n Bosveld-leerder wat sy/haar onderwysers, ouers en mede-Bossies respekteer en die skoolreëls in alle opsigte eerbiedig. / *A Bosveld learner who respects his/her teachers, parents, fellow Bossies and the rules of the school.*
- 'n Bosveld-leerder wat te alle tye eerlik en opreg sal wees. / *A Bosveld learner who will be honest and sincere at all times.*

3.2 Ons strewe na: Personeel **We strive towards: Staff members**

- 'n Bosveld-personeellid wat tuis sal voel om deel te wees van die Bosveldspan. / *Bosveld staff members who feel at home and part of the Bosveld team.*
- 'n Bosveld-personeellid wat bereid sal wees om die belange van die Bosveldleerders voor sy/haar eie belang te stel. / *Bosveld staff members who will be prepared to set the interests of the Bosveld learners before his/her own interest.*
- 'n Bosveld-personeellid wat waarde heg aan die volle diversiteit van ons leerders. / *A Bosveld staff member who values the full diversity of our learners.*
- 'n Bosveld-personeellid wat waarde heg aan eerlikheid, integriteit en professionele etiek. / *A Bosveld staff member who values honesty, integrity and professional ethics.*
- 'n Bosveld-personeellid wat bereid sal wees om lojaliteit teenoor kollegas te betoon. / *A Bosveld staff member who will show loyalty to colleagues.*
- 'n Bosveld-personeellid wat sy/haar Godgegewe talente en gawes sal aanwend in die beplanning en verwesenliking van die skool se doelwitte. / *A Bosveld staff member who will use his/her God-given talents and in the planning and realization of the school's goals.*
- 'n Bosveld-personeellid wat die skool se waardes te alle tye en oral sal uitleef en so 'n goeie voorbeeld te wees vir elkeen betrokke by Laerskool Bosveld Primary. / *A Bosveld staff member who will honour the school's values at all times, and be thus be a good example for anyone involved in Laerskool Bosveld Primary.*

3.3 Ons strewe na: Ouers **We strive towards: Parents**






- 'n Bosveld-ouer wat gebalanseerd betrokke sal wees by die skool en skoolaktiwiteite. / *A Bosveld parent who will be involved in the school and school activities.*
- 'n Bosveld-ouer wat lojaal sal wees teenoor die skool se beleid en sy/haar volle samewerking te gee ten opsigte van die toepassing daarvan. / *A Bosveld parent who will be loyal to the school's policy and to give his/her full co-operation regarding its application.*
- 'n Bosveld-ouer wat 'n lojale en betroubare vennoot sal wees van die skool. / *A Bosveld parent who will be a loyal and reliable partner of the school.*
- 'n Bosveld-ouer wat te alle tye volle beheer en kontrole oor sy/haar kind sal hê. / *A Bosveld parent who will have full control and take full responsibility of his or her child at all times.*

3.4 Ons strewe na: Skool **We strive towards: A School**

- 'n Skool waarin elkeen wat ons missie en waardes onderskryf, tuis sal voel. / *A school where everyone who endorses our mission and values, will feel at home.*
- 'n Skool waarop elkeen wat verbonde is aan die skool, opreg trots sal wees. / *A school where everyone attached to our school, will be sincerely proud of the school.*
- 'n Skool waarop 'n goeie lewenstandaard gestel sal word. / *A school where a good standard of living will be established.*

- 'n Skool met sy eie besondere karakter, etos en tradisies. / *A school with its own distinctive character, ethos and traditions.*

4. Waardes/Values

	<p>Om die diversiteit in ons skool te aanvaar, want Bossies gee om. <i>To accept the diversity in our school because Bossies care.</i></p>
	<p>Om die skoolreëls na te kom en uit te leef, want Bossies toon respek teenoor onderwysers, mede-Bossies, ouers en besoekers. <i>To comply with the school rules and live by it because Bossies show respect for teachers, fellow Bossies, parents and visitors</i></p>
	<p>Om ons deel te doen in die klaskamer asook by ander aktiwiteite wat aangebied word, want Bossies is verantwoordelik. <i>To participate in the classroom, as well as other activities offered because Bossies are responsible.</i></p>
	<p>Om voorbeeldig te lewe en mekaar te konsidereer want Bossies is eerlik. <i>Living by example and contemplating each other because Bossies are honest.</i></p>
	<p>Om met ons talente te woeker want Bossies kan volhard <i>To develop talents because Bossies can persevere.</i></p>

5. Bossiegedrag / Bossie behaviour

5.1 **Ons gee om vir mekaar daarom.../We care for each other, therefore we...**

- groet ons almal / *greet everyone.*
- is ons vriendelik en glimlag ons / *are friendly and smiling.*
- sê ons asseblief en dankie / *say please and thank you.*
- toon ons respek teenoor mekaar, personeel en besoekers / *show respect towards each other, staff members and visitors.*
- hou ons die skoolterrein netjies en skoon / *keep our grounds tidy and clean.*
- is ons mededeelsaam / *are generous.*
- troos en help ons mekaar / *help and comfort each other.*
- gee ons nooit moed op nie / *never give up.*

5.2 **Ons is eerlik daarom... / We are honest, therefore we...**

- vat ons nie ander se eiendom nie / *do not take another person's belongings.*
- skryf ons nie by maats af nie / *do not copy a fellow learners' work.*
- erken ons as ons iets verkeerd gedoen het / *admit when we did something wrong.*
- praat ons altyd die waarheid / *speak the truth at all times.*

5.3 **Ons is verantwoordelik, daarom... / We are responsible, therefore we...**

- doen ons elke dag ons huiswerk / *do our homework every day.*
- werk ons hard in die klas / *work hard in class.*
- gehoorsaam ons die skool- en klasreëls / *obey all school and class rules.*

- pas ons ons handboeke, werkboeke en ander eiendom op / *look after our workbooks, text books and other belongings.*
- gee ons alle nuusbriewe aan ons ouers / *give newsletters to our parents.*
- is ons skooldrag altyd korrek, skoon en netjies / *are keeping our school uniforms neat and tidy.*
- sal ek die skool se eiendom oppas en nie beskadig nie / *look after the school's property.*
- sal ek elke dag betyds wees vir skool / *will be on time for school every day.*
- sal ek 'n voorbeeld stel vir ander deur my optrede / *will set an example to others through our deeds.*
- sal ek altyd 'n maat in nood help / *will assist our friends in need.*
- sal ek aan ten minste een aktiwiteit per kwartaal deelneem / *will participate in at least one activity per schoolterm.*
- sal ek my altyd gedra sodat my skool trots op my sal wees / *will behave so that the school can be proud of us.*

5.4 Ons kan volhard daarom ... / We can persevere, therefore we...

- gehoorsaam ons alle skoolreëls / *always obey the school rules*
- kan ander ons aan ons netjiese skoolkrag en goeie maniere uitken / *can be recognised by others through our neat school clothes and good manners.*
- betoon ons respek teenoor die personeel, skoolleiers, maats en besoekers / *respect our school leaders, staff members, friends and visitors.*
- raak ons nie agter met ons skoolwerk nie / *keep up with our school work.*
- probeer ons altyd beter doen in ons toetse en eksamens / *always strive to do better in tests and exams.*
- help ons om die skoolterrein netjies op te ruim elke dag / *help to keep the schoolgrounds neat and tidy every day.*

5.5 Ons toon respek omdat... / We show respect through...

- ons gehoorsaam is aan ons onderwysers / *obeying our teachers.*
- ons mekaar nie boelie nie / *not bullying each other.*
- ons die Skoollied en Volkslied ken en op aandag staan wanneer ons dit sing / *knowing the School Anthem and National Anthem and singing it while standing up straight and proud.*
- ons God en Sy Woord respekteer / *respecting God and His Word.*
- ons ons land se wette gehoorsaam / *obeying our county's laws.*
- ons die skoolreëls respekteer en gehoorsaam en ons waardes uitleef / *obeying and respecting our school rules and living our values.*

6. Bossies het goeie maniere want... Bossies have good manners because...

- ons vloek nie / *we don't swear.*
- ons is altyd eerlik / *we are always honest.*
- ons is altyd betyds / *we are always on time.*
- ons spot nie ander mense nie / *we don't make fun of people.*
- wag ons beurt af / *we wait our turn.*
- ons vra voordat ons iets gebruik / *we ask before using something.*
- ons klop voor ons binnegaan / *we knock before entering.*
- ons sê asseblief en dankie / *we say please and thank you.*
- ons groet almal vriendelik / *we greet everyone friendly.*
- ons hou ons hand voor ons mond as ons hoes of nies / *we cover our mouth when we cough or sneeze.*
- ons val nie ander mense in die rede nie / *we don't interrupt others.*
- ons knou mekaar nie af nie / *we are not bullies.*

7. Skoollied / School Anthem

Geskryf en getoonset deur Gisela de Villiers Written and composed by Gisela de Villiers

7.1 Lirieke van die Skoollied / Lyrics of the School Anthem

Tussen Bosveld bome, statig en wyd
Wat met krag en lewe bloei
Staan 'n skool wat sy naam in ere dra
En wat sterk soos 'n jong boom groei
Ons is trots op ons wêreld, trots op ons skool
En ons leiding is van Bo
Ons sal streef vir die beste, leef vir ons land
In ons leuse sal ons glo:

Refrein:

Perservera! Perservera!
Ons volhard in woord en daad
Want ons woord is ons eer
In ons werk en ons leer
Laerskool Bosveld is ons naam!

In our colours, light blue, royal and red
We stand up, straight and proud
For our youth is our strength with its power of love
And we work with our heads held high
We have pride in our world and pride in our school
From Above we are led to achieve
We shall strive for the best,
And live for our land
In our motto we believe:

Refrain:

Persevera! Persevera!
Perseverance in word and game
For we honour our word
In our work, play and learn
Bosveld Primary is our name!
For we honour our word
In our work, play and learn
Bosveld Primary is our name!

7.2 Betekenis van die lirieke / Meaning of the lyrics

Vers/Verse 1

Tussen Bosveld bome, statig en wyd

- Ons skool staan trots en fier tussen bosveldbome. Omdat ons respek het vir ons skool en skoollied, staan ons altyd op aandag wanneer ons die skoollied sing.
- *Our school stands proud and wide between bushveld trees. We are proud of our school and our school anthem therefore we always stand on attention while singing it.*

Wat met krag en lewe bloei

- Ons skool groei omdat die leerders met lewenslus volhard in alles wat hulle doen.
- *Our school grows because the learners are full of life and complete every task with perseverance.*

Staan 'n skool wat sy naam in ere dra

- Ons toon respek vir ons skool se naam, daarom is ons trots om Bossies te wees.
- *We show respect for our school's name and are proud to be a Bossie.*

En wat sterk soos 'n jong boom groei

- Soos 'n nuwe boom vinnig groei, so volhard elke Bossie om tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.
- *Like a young tree that keeps on growing, every Bossie perseveres to develop to his/her full potential.*

Ons is trots op ons wêreld trots op ons skool

- Ons is nie net trots op ons skool nie maar ook die omgewing waarin ons skool staan. Daarom het ons respek vir ons dorp, provinsie en land.
- *We are not only proud our school, but also the world in which it is built. Therefore we also show respect to our town, province and our country.*

En ons leiding is van Bo

- Ons leerders is verantwoordelik en probeer om volgens God se wil te leef
- *Our learners are responsible and try to live according to God's will.*

Ons sal streef vir die beste, leef vir ons land

- Ons volhard om verantwoordelike landburgers te wees.
- *We persevere to be responsible citizens of South Africa.*

In ons leuse sal ons glo:

- Ons het respek vir ons leuse.
- *We have respect for our motto*

Refrein:

Persevera! Persevera!

- Volhard
- Persevere

Ons volhard in woord en daad

- Ons volhard in elke taak wat ons aanpak
- *We persevere in every task we complete.*

Want ons woord is ons eer

- Ons is eerlik en hou by ons beloftes.
- *We are honest and keep our promises.*

In ons werk en ons leer

- Omdat ons omgee vir ons skool en vir mekaar, is ons altyd eerlik in ons werk.
- *Because we care for each other and for our school, we are always honest in our work.*

Laerskool Bosveld is ons naam!

Vers/Verse 2

In our colours, light blue, royal and red

- *We have respect for our school uniform, because it makes us unique.*
- Ons het respek vir ons skooldrag wat ons uniek maak en laat uitstaan tussen ander skole.

We stand up, straight and proud

- *In everything we do, we show our respect and our pride in our school.*
- In alles wat ons doen wys ons hoe trots ons op ons skool is deur respek te betoon.

For our youth is our strength with its power of love

- *We are young and proud and care for our school and each other.*
- Ons is jonk en sterk en gee om vir mekaar en ons skool

And we work with our heads held high

- *We have respect for ourselves and we take pride in our work.*
- Ons het respek vir onself daarom is ons werk ons trots.

We have pride in our world and pride in our school

- *We show respect for our school, our town, our province and our country*
- Ons toon respek vir ons skool, ons dorp, ons provinsie en ons skool

From Above we are led to achieve

- *We are led by God to be responsible and to persevere.*
- Die Here lei ons om verantwoordelik te wees en te volhard.

We shall strive for the best,

- *We will always persevere and be responsible and do our best.*
- Ons sal altyd volhard en verantwoordelik wees, ten einde net ons beste te doen.

And live for our land

- *We have respect for our country and strive to be proud citizens.*
- Ons het respek vir ons land en volhard om trotse landsburgers te wees.

In our motto we believe:

- We believe in our motto
- *Ons glo in ons leuse*

Refrein:

Persevera! Persevera!

- *Persevere*
- *Volhard*

Perseverance in word and game

- *We persevere in every task we complete.*
- Ons volhard in elke taak wat ons aanpak

For we honour our word

- *We are honest and keep our promises.*
- Ons is eerlik en hou by ons beloftes.

In our work, play and learn

- *Because we care for each other and for our school, we are always honest in our work.*
- Omdat ons omgee vir ons skool en vir mekaar, is ons altyd eerlik in ons werk.

Bosveld Primary is our name!

8. Skoolwapen / School Badge

In gebruik geneem: 25 Februarie 1987

Leuse en betekenis / Motto and meaning

Persevera

Die Latynse woord vir 'Volhard'

The Latin word for 'Perseverance'

Drieblad:

Simboliseer 'n boom wat die naam van ons skool 'Bosveld' verteenwoordig. Verder simboliseer dit ook die vennootskap tussen die ouers, onderwysers en leerders.

Clove:

Symbolizes a tree that represents the name of our school 'Bosveld'. It also symbolizes the partnership between the parents, teachers and learners.

Ingeboë rooi ruit:

Stel die gloeiende steenkool voor wat in ons dorp ontgin word en energie simboliseer.

Red grid:

Represent the glowing coal mined in our town and symbolizes energy

Wit verkoelingsteken:

Stel die elektrisiteit voor wat in ons dorp opgewek word en simboliseer krag.


White cooler sign:

Suggests the electricity generated in our town and symbolizes power.



9. Skoolvlag / School Flag

In gebruik geneem: Januarie 2016
Used for the first time: January 2016



10. Skooldrag / School uniform

Raadpleeg asseblief Dissiplinêre kode en Skoolreëls, punt 5, bladsy 24
Please see Disciplinary Code and School rules, point 5, page 24.

SIGNED AT ONVERWACHT ON THIS 30TH DAY OF NOVEMBER 2018
GETEKEN TE ONVERWACHT OP HIERDIE 30STE DAG VAN NOVEMBER 2018

Governing body chairperson
Beheerliggaamvoorsitter

School principal
Skoolhoof

Merietebeleid

Merit Policy

**LERSKOOI
BOSVELD
PRIMARY**





Inhoudsopgawe Table of Contents

Merietebeleid

Merit Policy

1. Waarom 'n Merietestelsel?
Why a Merit system? 16
2. Hoe verdien 'n leerder 'n meriete-inskrywing?
How does a learner earn a merit entry? 16
3. Meriete-beloning
Merit-rewards 17
4. Waardes en gedrag
Values and behaviour 18

Merietestelsel / Merit system

1. Waarom 'n Merietestelsel? / Why a merit system?

By Laerskool Bosveld Primary: / At Laerskool Bosveld Primary:

- is dit ons missie om elke leerder tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel, / *it is our mission to develop every learner to his / her full potential.*
- wil ons leerders ontwikkel en toerus om met entoesiasme en selfvertroue die sosiale gemeenskap te betree, / *we want to develop and equip our learners to enter the social community with enthusiasm and confidence.*
- is dit ons strewe om elke Bossie-leerder aan te moedig om by soveel moontlik aktiwiteite betrokke te raak en te alle tye sy/haar beste te lewer, / *is it our aim to encourage every Bossie learner to get involved in as many activities as possible and to deliver his / her best efforts at all times.*
- wil ons leerders aanmoedig om hul skoolwerk ernstig op te neem en goeie studiegewoontes en huiswerkroetines aan te leer, / *we want to encourage our learners to take their schoolwork seriously and to obtain good study habits and homework routines.*
- wil ons Bossie-leerders leer om te alle tye eerlik te wees, / *we want to teach our Bossie learners to be honest at all times,*
- om elke taak met verantwoordelikheid aan te pak en te volhard tot die einde, / *we want our learners to approach each task with responsibly and to persevere to the end,*
- om vir ons medemens en vir mekaar om te gee, / *to care for our fellow human beings and each other*
- en om ons onderwysers, mede-bossies, ouers en besoeker te respekteer. / *we want to encourage our learners to respect our teachers, co-workers, parents and visitors.*

2. Hoe verdien 'n leerder 'n Meriete-inskrywing? / How does a learner earn a Merit entry?

- Enige personeellid kan vir enige leerder in die skool 'n positiewe inskrywing op sy/haar merietekaart gee indien die personeellid voel die leerder verdien dit. / *Any staff member can give a positive entry on the merit card for any learner in the school, if the staff member feels that the learner deserves it.*
- Leerlingraadslede en Skoolleiers kry aan die einde van elke kwartaal 'n meriete-inskrywing vir leierskap mits die skoolleier sy/haar diens getrou gedoen het. / *The Student Council and School Leaders receive a leadership entry at the end of each term, provided that the school leader has done his / her service faithfully.*

Ander meriete-inskrywings. / Other merit entries.

2.1 Hulpverlening / Assistance

- Vir personeellid, OOV, Beheerliggaam (bv. Help gereeld om boeke te dra) / *For staff member, PTA, Governing Body (describe assistance, eg help to carry book)*
- Help om die skoolterrein, sportterrein, stoepe en klas skoon te hou. / *Help to keep the school grounds, sports grounds, stoep / corridor and classrooms clean.*

- Klasvee (as kind 3 x klas gevee het, teken 1 x) / *If a child swept the class on 3 different occasions = 1 entry.*
- Hulp tydens 'n funksie (bv. leerderbeampte/uitdeel van beampte-koeldranke, ens) / *Assistance during a function (eg. student council / dispensing of official cold drinks, etc.)*

2.2 Deelname aan akademie / Achievement in Academics

- 80% of meer vir geskeduleerde toets/eksamen / *80% or more for scheduled test / exam.*
- Top 10/20-prestasie / *Top 10/20 performance.*
- Netjiese/uitstekende werk in 'n spesifieke vak / *Neat / excellent work in a specific subject*

2.3 Deelname aan sport/kultuur / Participation in Sports / Cultural activities

- Kultuur: Wanneer die kind deelgeneem het aan 'n kultuuraktiwiteit vir die skool (Bv *Revue tree op by kerk*) / *Cultural activities: When the child participated in a cultural activity for the school (eg. Revue performed at church fete)*
- Sport: Wanneer die kind aan sport deelgeneem het vir die skool en presteer het (Bv Rugby 0/10 wen teen Warmbad of Boogskiet: Brons medaljewenner) / *Sports: When the child participated in sport and performed accordingly(eg. Rugby U/10-team wins against Laerskool Ellisras or Archery: Bronze medal winner)*

2.4 Uitleef van ons waardes / Displaying good values

- Respek / *Respect*
- Eerlik / *Honest*
- Omgee / *Caring*
- Verantwoordelik / *Responsible*
- Volhard / *Persevere*

2.5 Goeie gedrag / Good behaviour

3. Merietebeloning / Merit rewards

- 3.1 Na 6 inskrywings ontvang die ouer 'n brief wat deur die klasonderwyser onderteken is. / *After 6 entries, the parent receives a letter signed by the class teacher*
- 3.2 Na 12 inskrywings ontvang die ouer 'n brief wat deur die DPO onderteken is. / *After 12 entries; the parent receives a letter signed by the HOD.*
- 3.3 Na 18 inskrywings gaan spog die leerder by die hoof en ontvang 'n merietesertifikaat. / *After 18 entries, the learner visits the principal and receives a merit certificate.*
- 3.4 3.1, 3.2 en 3.3 word dan elke keer herhaal en so kan die leerder dan 4 verskillende merietesertifikate deur die jaar bymekaar maak. / *After the above mentioned rewards, 3.1, 3.2 and 3.3 were repeated, the learner can collect 4 different merit certificates throughout the year.*

4. Waardes & Gedrag / Values & Behaviour

- 4.1 Wanneer daar vir 'n leerder 'n inskrywing gegee word vir die uitleef van die waardes, kry die kind dadelik 'n plakker op sy/haar waardehand. / *When a learner receives an entry for displaying one/more of our values, he/she receives a sticker on his / her value hand immediately.*
- 4.2 Wanneer 'n leerder 'n plakker vir al vyf die waardes ontvang het, word sy/haar waarde-hand ingestuur en ontvang die leerders 'n waardeknopie in die saal. / *When a learner received stickers for all five values, his / her value hand is handed in and the learners receive a Value button during Assembly in the hall.*
- 4.3 Vir die eerste inskrywing wat 'n leerder daarna ontvang vir 'n waarde, sal so 'n leerder die spesifieke waarde se waardeknopie kry. So moet elke leerder dus poog om al vyf die waardeknopies deur die jaar te verdien.) / *The first value entry that a learner subsequently receives for a specific value, he/she will receive the badge for that specific value. Every learner must try to earn all five value buttons throughout the year.)*

GETEKEN TE **ONVERWACHT** OP HIERDIE **30STE** DAG VAN **NOVEMBER 2018**
SIGNED AT **ONVERWACHT** ON THIS **30TH** DAY OF **NOVEMBER 2018**

Beheerliggaamvoorsitter
Governing body chairperson

Skoolhoof
School principal

*Dissiplinêre
kode en
Skoolreëls
Disciplinary Code
and School Rules*

**LAKERSKOOI
BOSVELD
PRIMARY**





Inhoudsopgawe Table of Contents

Dissiplinêre kode en skoolreëls Disciplinary Code and School Rules

1.	Inleiding / <i>Introduction</i>	21
2.	Doel / <i>Objective</i>	21
3.	Algemene reëls / <i>General rules</i>	22
4.	Klasreëls / <i>Class rules</i>	24
5.	Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag <i>Rules regarding appearance and school uniform</i>	24
6.	Sport- en buitemuurse aktiwiteite <i>Sports and extracurricular activities</i>	28
7.	Skooleiendom / <i>School property</i>	29
8.	Die Leerlingraad en Skoolleiers <i>The Student Council and School leaders</i>	30
9.	Skoolkennisgewings / <i>School notices</i>	30
10.	Skoolwerk en huiswerk / <i>School work and homework</i>	30
11.	Toetse en Eksamen / <i>Tests and examinations</i>	31
12.	Motorvoertuie en motorfietse <i>Motor vehicles and motorcycles</i>	31
13.	Stiptelikheid en skooltye / <i>Punctuality and School times</i>	31
14.	Afwesigheid van skool / <i>Absence from school</i>	32
15.	Omgewing / <i>Environment</i>	32
16.	Vrystelling van die bepalings van die Gedragskode <i>Exemption from regulations of the Code of Conduct</i>	33

Dissiplinêre kode en Skoolreëls Disciplinary code and School rules

1. Inleiding / Introduction

Hierdie dokument is die gedragkode van **Laerskool Bosveld Primay** soos die beheerliggaam dit op **30 November 2018** goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en onderwysers van die skool oor die inhoud van die gedragkode geraadpleeg. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

*This document is the code of conduct of **Laerskool Bosveld Primary** as approved by the governing body on **30 November 2018**. The governing body has consulted the school's parents, learners and teachers on the content of the code of conduct. The code of conduct has been drafted in accordance with the relevant provisions of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996; the South African Schools Act, Act 84 of 1996 ('SASA'); the National Education Policy Act, Act 27 of 1996; Guidelines for a Code of Conduct for Learners (General Notice 776 in Government Gazette 18900 dated 15 May 1998); the Regulations on Devices to be used for Drug Testing and the Procedure to be followed (GN 1140 in Government Gazette 31417 dated 19 September 2008); Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 in Government Gazette dated October 2001, as amended) and relevant provincial legislation*

2. DOEL / OBJECTIVE

- Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik onderwysers, leerders en ouers. Hierdie Gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder. / *Although the Government is obligated to make education available and accessible, this must be enhanced by the dedication and commitment of responsible role players, namely teachers, learners and parents. This Code of Conduct is intended to promote such dedication and commitment.*
- Die doel van hierdie Gedragkode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewyd is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses. / *This Code of Conduct aims to establish a disciplined and purposeful school environment, which is dedicated to promoting and maintaining the quality of the learning process.*
- Die Gedragkode onderskryf die skool se missiestelling. / *The Code of Conduct endorses the school's mission statement.*
- Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se Gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die Gedragkode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die Gedragkode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word. / *Learners and their parents/guardians are expected to acquaint themselves with the school's Code of Conduct and its provisions. As soon as learners are enrolled at the school, they are subjected to the Code of Conduct, and must strictly adhere to it. Should learners transgress or violate the Code of Conduct, they will be acted against in accordance with the disciplinary procedure for learners.*

3. ALGEMENE REËLS / GENERAL RULES

- Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra. / *Learners should be good ambassadors of the school, and should conduct themselves in accordance with the school's code of ethics at all times.*
- Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel. / *While wearing the school uniform, or any part there-of that is sufficient to establish a link with the school in the public eye, or while representing the school, either directly or indirectly, as participants, supporters, assistants, spectators or otherwise, learners should refrain from any conduct that could bring the school, staff or their fellow learners into disrepute.*
- In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, onderwysers en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom. / *In their interaction with the principal, vice-principal, teachers and other staff of the school, learners should be courteous and respectful at all times and should refrain from any action that constitutes disrespectfulness or rebelliousness.*
- In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode. / *In their interaction with one another, learners should practise self-restraint as far as possible, and should display mutual respect and tolerance. In particular, learners shall refrain from any action aimed at harming, or that could possibly cause harm to, any other learner's physical, spiritual and moral well-being. Any sexual or improper physical contact between learners on school grounds, or in any other place where they could be identified as learners of the school, is strictly prohibited.*
- 'n Onderwyser van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die Gedragkode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit. / *School teachers should have the same rights as a parent with regard to controlling and disciplining the learner according to the Code of Conduct, both during such learner's school attendance as well as at any school activity.*
- Leerders mag nie in die klaskamer of saal eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. / *Learners may not eat or drink in the classroom or school hall. The chewing of gum during school activities is strictly prohibited.*
- Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevallen en met die toestemming van die skoolhoof gemaak word. / *The use of cell phones during school activities is strictly prohibited. Calls may be made in emergencies only and only with the school principal's permission.*
- Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode. / *The smoking, possession and/or use of tobacco products, liquor, other alcoholic substances or drugs during any school activity, or when learners are dressed in school uniform, is strictly prohibited.*
- In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie Gedragkode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n onderwyser die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere,

dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van die-selfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word. / *In case of a reasonable suspicion that learners have violated this Code of Conduct or the laws of the country, the school principal or an teacher is entitled to search such learners and/or the property in their possession for any dangerous weapons, guns, drugs or other harmful and dangerous substances, stolen goods or pornographic material that the learners may have brought onto the school grounds. Throughout, learners' dignity will be respected, and therefore, the search will be conducted in private, by persons of the same sex, and in the presence of another person. The search process and outcome must be recorded.*

- Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie Gedragkode beskou word. / *Any conduct that unfairly prejudices the administration, discipline or efficiency of the school shall be regarded as a violation of this Code of Conduct.*
- Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie Gedragkode beskou word. / *A conviction of a criminal offence in a court of law shall be regarded as a violation of this Code of Conduct.*
- **Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot: / *Transgressions that may lead to suspension and/or expulsion include but are not limited to:***
- optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend; / *conduct that poses a threat to others' safety and infringes upon others' rights;*
- die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens; / *possessing, threatening with or using dangerous weapons;*
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelvende middels van enige aard; / *the possession, use, trading or any visible sign of narcotic or unauthorised drugs, alcohol and intoxicating substances of any nature;*
- bakleiery, aanranding of mishandeling van leerders of skoolpersoneel; / *fighting, assault or abuse of learners or school staff;*
- onsedelike gedrag of 'n gevloek; / *indecent behaviour or swearing;*
- die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit; / *adopting or assuming a false identity;*
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag; / *harmful graffiti, hate speech, sex-ism or racism;*
- diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit; / *theft, or the possession of stolen goods, including the theft or possession of test or ex-amination papers before such test or examination has been conducted;*
- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skoleiendom wat die aan-bring van graffiti sou insluit; / *unlawful conduct towards and/or vandalising, destroying or damaging school property;*
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen onderwysers of ander skoolpersoneel of
- leerders; / *disrespectfulness, offensive behaviour and verbal abuse aimed at teachers or other school staff or learners;*
- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie Gedragkode; / *repeated violations of school rules or this Code of Conduct;*
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering; / *criminal and op-pressive behaviour, such as rape and gender-based harassment;*
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders; / *victimisation, bullying and intimidation of other learners;*
- die oortreding van eksamenreëls; en / *the transgression of examination rules; and*
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom. / *intentionally and knowingly providing false information, or forging documents, in order to obtain an unfair advantage.*

4 KLASREËLS / CLASS RULES

- Elke klasonderwyser sal, ná oorleg met die klasleerders, klasreëls opstel wanneer hierdie Gedragkode aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar. / *The class teacher should formulate class rules upon the adoption of this Code of Conduct, and at the beginning of each ensuing school year, after having consulted the learners in the class.*
- Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en onmiddellik by die Dissiplinehoof ingedien word; in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word. / *The class rules must be compiled in writing and immediately be tabled to the Head of Discipline; be displayed in a legible format in a prominent spot in the classroom; and be made available to all learners and their parents.*
- Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasonderwyser of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie Gedragkode uit te voer en om die skool behoorlik en professioneel te bestuur. / *Learners are expected to fully and promptly comply with the class rules as well as any verbal instruction, given by the class teacher or any staff member, that is reasonably essential to give effect to this Code of Conduct and professional management of the school.*
- Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie Gedragkode en skoolreëls beskou word. / *Any violation of the class rules shall be regarded as a violation of this code of conduct and school rules.*

5. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG / RULES REGARDING APPEARANCE AND SCHOOL UNIFORM.

SKOOLDRAG / SCHOOL UNIFORM

- * Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die Beheerliggaam bepaal, gedra word. / *The prescribed school uniform shall be worn during school hours as well as other school activities, as determined by the Governing Body.*
- * Skooldrag moet altyd heel, skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie. / *School uniform must be clean and neat at all times. As for vests, boys may only wear plain white vests, which may not be visible under any circumstances.*
- * Skoelshoene moet netjies en poleerbaar wees of kaalvoet in die Somer. Tekkies mag slegs by Bossiedrag gedra word. / *School shoes must be neat and polished, alternatively learners may be barefoot in summer. Tekkies may only be worn with Bossie clothes.*
- * Skooltruie / windbrekers mag nie om die middellyf vasgebind word nie. / *School jerseys/dri-macs may not be tied around the waist.*
- * Bossiedrag mag slegs op die volgende dae gedra word: / Bossie clothes may only be worn on the following days:
 - ⇒ Die dag as die leerder verjaar of die Vrydag indien hy/sy oor die naweek verjaar. / *The day on which the learner has his/her birthday or on Friday if he/she is celebrating his/her birthday on the weekend.*
 - ⇒ Die Vrydag indien hy/sy tydens die saalopening gestaan het vir 80% of meer in 'n toets behaal. / *The Friday if he/she stood during assembly for scoring 80% or more in a test*
 - ⇒ Die Vrydag nadat 'n sportspan gewen het gedurende die week. / *The Friday after a sports team has won during the week*
 - ⇒ Die dag waarop die graadgroep Liggaamlike Opvoeding het. / *The day the grade group has Physical Education.*
 - ⇒ Soos vooraf gereël met die hoof. / *As arranged with the school principal*

⇒ Die Leerlingraad mag elke Vrydag Bossiedrag dra. / *The Student Council may wear Bossie clothes every Friday.*

* Provinsiale- en Nasionale klere / Provincial and National clothing

⇒ Leerders wat provinsiale- of nasionale kleure verwerf het, mag die sweetpak op 'n Vrydag dra, **slegs in die jaar waarin die kleure verwerf is**. Geen oefendrag of onvanpaste kleredrag sal toegelaat word nie. / *Learners who obtained Provincial or national colours may wear a track suit on a Friday, **only during the year in which the colours were obtained. No practise or inappropriate clothes will be allowed.***

⇒ Sweetpakbaadjies mag nie by skooldrag gedra word nie. / *Track suit tops may not be worn with school uniform.*

* Kleredragreëls / Clothing rules

<u>Seuns / Boys</u>	
Winter	Ligblou skoolhemp, grys skoollangbroek, donkerblou skoolkouse, swart skoolskoene, donkerblou windbreker, skooltrui/oortrektrui / <i>Light blue school shirt, grey school trousers, dark blue school socks, black school shoes, dark blue windbreaker, school jersey / pull-over</i>
Winter: Bossiedrag <i>Winter: Bossie clothes</i>	Donkerblou bossiehemp, donkerblou sweetpакbroek, netjiese tekkies, donkerblou kouse, donkerblou windbreker / <i>Dark blue Bossie shirt, dark blue sweatpants, neat tackies, dark blue socks, dark blue windbreaker</i>
Somer / <i>Summer</i>	Ligblou skoolhemp, donkerblou skoolbroek, donkerblou skoolkouse, swart skoolskoene of kaalvoet / <i>Light blue school shirt, dark blue school pants, dark blue school socks, black school shoes or be barefoot</i>
Somer: Bossiedrag <i>Summer: Bossie clothes</i>	Donkerblou bossiehemp, donkerblou bossiebroek of donkerblou rugbybroek, netjiese tekkies, donkerblou kouse of kaalvoet / <i>Dark blue Bossie shirt, dark blue Bossie pants or dark blue rugby shorts, neat tackies, dark blue socks or be bare feet</i>
<u>Dogters / Girls</u>	
Winter	Ligblou skoolhemp, grys skoollangbroek, donkerblou skoolkouse, swart skoolskoene, donkerblou windbreker, skooltrui / oortrektrui. / <i>Light blue school shirt, grey school trousers, dark blue school socks, black school shoes, dark blue windbreaker, school jersey / pull-over.</i> OF / OR Geruite skoolrok met belt, lang donkerblou skoolkouse, swart skoolskoene, donkerblou windbreker, skooltrui / oortrektrui / <i>Checkered school dress with belt, long dark blue school socks, black school shoes, dark blue windbreaker, school jersey / pull-over.</i>
Winter: Bossiedrag <i>Winter: Bossie clothes</i>	Donkerblou bossiehemp, donkerblou sweetpакbroek, netjiese tekkies, donkerblou kouse, donkerblou windbreker / <i>Dark blue Bossie shirt, dark blue sweatpants, neat tekkies, dark blue socks, dark blue windbreaker</i>
Somer / <i>Summer</i>	Geruite skoolrok met belt, kort donkerblou skoolsokkies, swart skoolskoene of kaalvoet / <i>Checkered dress with belt, short dark blue school socks, black school shoes or be bare feet</i>
Somer: Bossiedrag <i>Summer: Bossie clothes</i>	Donkerblou bossiehemp, donkerblou bossiebroek, netjiese tekkies, donkerblou kouse of kaalvoet (dogters mag nie rugbybroeke dra nie) / <i>Dark blue Bossie shirt, dark blue Bossie shorts, neat tackies, dark blue socks or be bare feet (girls are not allowed to wear rugby shorts)</i>

* Algemeen / General

- ⇒ Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie. / *Any caps or headgear other than those prescribed in the clothing rules are prohibited.*
- ⇒ Die skoolhoof kan na goeë dunde toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede gewone drag dra. So-danigedrag moet netjies en welvoeglik wees. / *The school principal may use his/her own discretion to grant per-mission for learners to wear casual clothes to certain events. Such clothes must be neat and proper.*
- ⇒ **Wanneer 'n leerder enige sportbyeenkoms of enige ander byeenkoms, as 'n toeskouer bywoon, moet hy/sy in Bossiedrag of Skooldrag geklee wees. / *When a learner attends any sports event or any other event presented by the school, as a spectator, he/she must be dressed in Bossie clothes or School uniform.***

• VOORKOMS: HARE / APPEARANCE HAIR

Dogters / Girls

- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie. / *Hair colour must seem natural at all times. No unnatural highlights or lowlights are allowed.*
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word. / *Hair that extends over the collar must be tied.*
- Slegs haarbykomstighede (linte, kammetjies en rekkies) wat by die skool se kleure pas, mag gedra word. (Blou, rooi en wit) / *Only hair accessories (ribbons, combs and bobbles) that fit in with the school's colours may be worn. (Blue, red and white)*
- Hare moet stewig vasgemaak wees. Geen slierte mag loshang nie. / *Hair must be properly tied, with no loose ends.*
- Vals haarstukke: Slegs halfkop, gevleg en vasgemaak/weggebind / *False hairpieces: Only half-head, flattened and tied/welded*

Seuns / Boys

- Hare moet kort en netjies geknip wees. / *Hair must be short and neatly cut.*
- Die gedeelte om die ore moet skoon geknip wees. Hare mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie. / *There may be no hair in the section around the ears. Hair may not touch the ears when it is combed straight down.*
- Wanneer die hare afgekam word, mag dit nie die wenkbroue raak nie. / *When hair is combed down/ forward, it may not touch the eyebrows.*
- Wangbaard ("sideburns") kan tot by die middel van die oor strek. / *Sideburns may extend up to the middle of the ear.*
- Hare moet agter reëlmatig opgesny word. / *Hair at the back must be gradually layered.*
- Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie. / *Hair may not bush out excessively. No foreign hairstyles are allowed.*
- Haarstyle wat onder uitgeskeer of geknip word, oftewel "undercuts", is verbode. / *No undercuts will be allowed.*
- Geen haarprodukte soos 'mousse', 'gel' waks, haarsproei, ens is toelaatbaar nie. / *No hair sculpting products allowed.*
- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie. / *Hair colour must seem natural at all times. No unnatural highlights or lowlights are allowed.*

- **Ouers word dringend versoek om seker te maak dat hul kinders se hare skoon en netjies sal wees en deur gereeld te kyk vir luise/nete, wat hoogs aansteeklik is. Die skool kan nie verantwoordelik te gehou word nie. Enige ander kopvelsiekte is ook nadelig vir ander kinders. / *Parents are urgently requested to make sure that their children's hair is clean and neat. Make sure to look for lice regularly, which are highly contagious. The school can not be held responsible. Please note that any other head skin disease may also be harmful and contagious.***

- **Ouers word verder versoek om voorkomend op te tree en hul kinders se hare te behandel met voorkomende luisprodukte. Luise/nete verskyn gewoonlik sodra seisoensverandering plaasvind. / *Parents are further requested to act preventively to protect their children against hair lice and preventive products are recommended. Lice usually appear as soon as the season starts changing.***
- **VOORKOMS: JUWELE / APPEARANCE: JEWELRY**
 - Geen juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie. / *All jewellery items, such as rings, bracelets (elastic or leather) or chains, are prohibited.*
 - Slegs gewone polshorlosies word toegelaat. Geen e-horlosies of enige ander toestel/apparaat is toelaatbaar nie / *Only wristwatches are allowed. No e-watches or other devices.*
 - Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode. / *The wearing of body jewellery, such as nose, tongue and eyebrow jewellery, is strictly prohibited.*
 - Wat ooringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standard goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is. Geen steentjies van enige aard word toe-gelaat nie. / *As for girls' earrings, only one gold or silver stud or standard gold or silver ring will be allowed per ear, worn in the bottom hole if the ears had been pierced more than once. No other studs or gems will be allowed.*
 - Seuns mag geen juwele behalwe 'n gewone polshorlosie dra nie. / *Boys are not allowed to wear any jewellery accept a wristwatch.*
 - Medic-Alert en Crisis-on-call bandjies mag wel gedra word. / *Medic-Alert and Crisis-on-call bands may be worn.*
 - Gebedsbandjies moet vooraf met die hoof gereël word. / *Prayer-bands may be pre-arranged with the principal*
- **VOORKOMS: NAELS / APPEARANCE: NAILS**
 - Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Naels moet kort geknip en skoon wees. / *Nails may not extend be-yond fingertips. Nails must be cut short and kept clean at all times*
 - Geen naellak/-gel mag gedra word nie. / *No nail polish/gel may be worn.*
- **VOORKOMS: GRIMERING / APPEARANCE: MAKE-UP**
 - Geen onderlaag, maskara, oogomlyner of blosser word toegelaat nie. / *No foundation, mascara, eyeliner or blush-er will be allowed.*
 - Geen lipglans / *No lip gloss*

6. SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE / SPORTS AND EXTRA CURRICULAR ACTIVITIES.

- Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite: / *Participants in sports and extracurricular activities:*
 - * Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die onderwyser wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal. / *Learners who are selected to represent the school as participants in any sports or other extra curricular activities must be dressed in the sport uniform, school uniform or other prescribed clothing as determined by the teacher responsible for the activity concerned, both during and after participation in such activity.*
 - * Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang. / *All learners who participate in the aforementioned activities shall be loyal to the school and fellow participants. In particular, participants must report promptly and on time at the venue of the activity or the venue from where participants depart to the activity. Learners who have been selected to represent the school in an activity may only be excused from attendance if a written apology is handed to the sports or cultural head in advance. Unforeseen absence from an activity will only be excused if the sports or cultural head receives a written apology no later than three days following the relevant activity.*
 - * Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hofflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van die sporthoof en die onderwyser wat by die bepaalde sport betrokke is; die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en die spankaptein. / *Learners who represent the school at sports activities will at all times be courteous towards, and comply with the rulings, prescripts and instructions of: the sports head and the teacher involved in the relevant sports code; the referee or adjudicator with regard to the relevant activity; and the team captain.*
 - * Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou. / *Although it is assumed that learners who participate in sports activities shall do so with commitment and dedication, such learners are expected also to practise self-restraint and self-discipline. In particular, no learner may display bad sportsmanship, use foul or offensive language, get involved in fights or incidents, or engage in any foul or improper play.*
- Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite / *Spectators and supporters at sports and other extracurricular activities*
 - * Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie Gedragkode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie. / *Apart from their duty to comply with the provisions of this*

Code of Conduct, all learners attending any school activity as spectators or supporters shall also refrain from any disruptive, improper, rebellious, unnecessarily inciting or indecent behaviour. In particular, learners may not respond negatively to any ruling by an adjudicator or referee.

- * *Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige onderwyser, lid van die Leerlingraad, ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon. / Learners who attend any school activity as spectators or supporters shall abide by and obey any instructions and directives they receive prior to, during and after the activity concerned from the principal, any teacher, member of the Student Council other school leaders, or parents appointed by the principal to assist with the transport, supervision or control of learners who need to be transported to and from the activity concerned, or who attend the activity.*
- * **Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon moet te alle tye netjies geklee wees in skooldrag of Bossiedrag. / Learners who attend any school activity as spectators or supporters must be neatly dressed in school uniform or Bossie uniform.**
- * *Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie. / The abovementioned rules equally apply to any participation in any extracurricular activity apart from sports activities, except cases on which the rules obviously have no bearing.*

7. Skooleiendom / School property

‘Skooleiendom’ sluit die volgende in: / ‘School property’ includes the following:

- *Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue. Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word / The grounds and buildings occupied by the school, as well as any permanent addition to such grounds and buildings. All other property, including equipment, books, stock, motor vehicles and the like that the school owns, rents or stores, or with regard to which the school could be held legally liable in case of any damage or loss*
- *Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, so dat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word. / As the school has been developed and erected for the use of all learners who attend it, all learners are obligated to do everything in their power to protect the school’s property in order for it to be utilised to the benefit of all current and future learners of the school.*
- *Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of ’n onderwyser van die skool nie. / No learner may remove any school property from the school grounds without the prior consent of the principal or a teacher of the school.*
- *Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop. / Learners may not handle, damage, mark, deface or destroy any property of the staff of the school, fellow learners, visitors to the school, or members of the public.*

This rule applies to property on the school grounds, in the immediate vicinity of the school, at or near the venue of any school activity, as well as any vehicle with which learners are transported, and the property contained therein.

- Leerdere mag nie enige skool eiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skool eiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding. / *Learners may not damage, deface or destroy any school property. Any learner who deliberately misuses, damages or vandalises any school property shall replace or pay for such property. Destruction of and/or damage to property is a criminal offence.*

8. Die Leerlingraad en skoolleiers / The Student Council and school leaders

- Die Leerlingraad en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldisipline. / *The Student Council and school leaders, in conjunction with the staff of the school, are responsible for general school discipline.*
- Leerlingraadslede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna die nodige stappe gevolg sal word. / *Student Council members and other school leaders shall bring learners that have transgressed to a staff member of the school, where after line functions will be followed.*
- Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die Leerlingraad of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die Leerlingraad en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte. / *All learners shall obey any reasonable instruction from a member of the Student Council or another school leader, and shall support and cooperate with the Student Council and other school leaders in order to execute their duties.*
- Leerlingraadslede en skoolleiers moet te alle tye 'n voorbeeld wees vir die res van die leerders en die skoolreëls te alle tye gehoorsaam en die skool se waardes uitleef.

9. Skoolkennisgewings / School notices

Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die Beheerliggaam, skoolhoof of 'n onderwyser van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasonderwyser te voorsien. / *All learners are obligated to hand all school notices that were distributed to learners for such purpose by the Governing Body, principal or a teacher of the school, to their parents or guardians, as well as promptly return to the class teacher any acknowledgement of receipt that was to be completed by the parents.*

10. Skoolwerk en huiswerk / School work and homework

- Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerdere mag nie onderrig versteur of verhinder nie. / *There shall be an orderly atmosphere in the classroom at all times. Learners may not disrupt or hinder teaching.*
- Leerdere moet klasopdragte stiptelik nakom. / *Learners must promptly carry out instructions in class.*
- Alle leerders sal 'n skoolhuiswerkboek hou en bywerk. / *All learners must have and maintain such homework book as may be required by the principal or class teacher.*
- Leerdere moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke onderwyser indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die onderwyser oorhandig. / *All learners must do their prescribed homework and promptly return it to the relevant teacher by the due date. Failure to comply with this rule shall be excused*

only if, on the day on which the homework was to be completed, the learner hands a written note from his/her parent, with an acceptable excuse for such failure – to the class teacher.

- Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word. / *All learners are expected to complete their prescribed homework enthusiastically, diligently and with dedication in order to develop a consistent work ethic. Failure to comply with this rule without an acceptable excuse shall be regarded as a transgression of this rule.*
- Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal. / *Learners are obligated to complete any work that they have missed as soon as possible.*
- Leerders beweeg vinnig in enkelgelid van die een klas na die volgende. Gesels in groepe of kledkamerbesoeke gedurende klasruilings is nie toelaatbaar nie. / *Learners shall move swiftly and in single file from one class to the next. Chatting in groups or visits to the restroom between classes are not allowed.*

11. Toetse en eksamens / Tests and examinations

- Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die onderwysers aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroeë moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig. / *All learners are obligated to abide by the tests and examinations that teachers may require. Failure to comply with this rule shall be excused in exceptional cases only, provided that the parents of the learner concerned supply the principal with a full and acceptable written explanation at the earliest possible opportunity.*
- Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou. / *Learners shall refrain from any form of dishonesty when tests and examinations are conducted.*

12. Motorvoertuie en motorfiets / Motor vehicles and motorcycles

Geen leerder word toegelaat om self met 'n motorvoertuig of motorfiets skool toe te ry of enige aktiwiteit by te woon nie. / *No learner is allowed to drive a motor vehicle or motorcycle to school, on school premises or to any extra curricular activity.*

13. Stiptelikheid en Skooltye / Punctuality and School times

- Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan. / *Learners are expected to arrive on the appointed time at the beginning of the school day and the start of any other school activity. When learners arrive late, they must provide a written apology from their parents. Learners who arrive late must first report to the office before proceeding to their particular class.*

Skooltye / School Times

Graad R & 1: 12:00 tot die einde van Februarie / <i>Grade R & 1: 12:00 till end of February</i>		
Graad / <i>Grade R</i>	07:20 - 12:45	Maandae tot Vrydae / <i>Mondays to Fridays</i>
Graad / <i>Grade 1 & 2</i>	07:20 - 13:00	Maandae tot Vrydae / <i>Mondays to Fridays</i>
Graad / <i>Grade 3</i>	07:20 - 13:15	Maandae tot Vrydae / <i>Mondays to Thursdays</i>
Graad / <i>Grade 4 - 7</i>	07:20 - 13:45	Maandae tot Vrydae / <i>Mondays to Thursdays</i>
Graad / <i>Grade 3 - 7</i>	07:20 - 13:00	Vrydae / <i>Fridays</i>

14. Afwesigheid van skool / Absence from school

- Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike kennisgewing aan die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie. / *Learners may be absent from school in exceptional cases only, and only with the written consent of the principal, or his/her representative if the principal is not available.*
- Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou, wat streng verbode is. / *When any learner is absent from school without an acceptable excuse, it shall be regarded as truancy, which is strictly prohibited.*
- Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word. / *Learners who are absent from school for one to three consecutive days must upon their return to school submit a written explanation by their parents. Absence for more than three consecutive days shall be excused only if a certificate from a registered medical practitioner is submitted, except in the case of death or trauma in the learner's family, or another reason approved by the principal.*
- **Die Suid-Afrikaanse Skole Wet, artikel 3(1) bepaal dat onderwys verpligtend is en dat ouers (artikel 3, 6a) wat nalaat om hul kind/ers skool toe te stuur vervolgt kan word en dat skuldigbevinding kan lei tot 'n boete of selfs tronkstraf. As ouer moet u dus toesien dat u kind die skool getrou bywoon. Volgens die Skole Wet kan 'n kind wat meer as twintig (20) dae afwesig is sonder 'n geldige verskoning, nie na die volgende graad bevorder word nie. / *According to the South African Law for schools, section 3 (1) it is compulsory for children to go to school (Act 3, 6a). Parents / Guardians who neglect to send their children to school may be found guilty and be charged with a fine or even go to jail. The act states further that if a child is absent for more than ten (10) days he/she will not be promoted to the next grade. Parents or Guardians, should see to it that their child attends school regularly.***

15. Omgewing / Environment

- Leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding. / *Learners have the right to a safe environment and school that are conducive to education.*
- Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie. / *Learners may not litter on school grounds or in school buildings.*
- Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word. / *Learners who attend any school activity as spectators or supporters are expected to leave the grounds they have occupied in a neat and clean condition, and must ensure that all litter is picked up and placed in garbage bins*
- Leerders moet toilette skoon agterlaat. / *Learners must leave restrooms in a clean condition.*
- Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word. / *Any action or failure by learners that constitutes or could constitute a health risk to other learners must be avoided.*
- Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie. / *The application of slogans (graffiti), stickers, posters and the like to any surface at the school is strictly prohibited, unless it is done with the principal's consent.*

- Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige onderwyser, lid van die Leerlingraad of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing. / *Learners shall comply with any reasonable instruction from the principal, any teacher, Student Council or another school leader with regard to maintaining a clean and hygienic school environment.*

16. Vrystelling van bepalinge van die gedragkode
Exemption from provisions of the code of conduct

- Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragkode vervat is. / *Learners may submit a written application to the governing body for total or partial exemption from one or more of the items contained in the code of conduct based on cultural, religious or medical grounds.*
- Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf. / *Such application must include full reasons as well as confirmative evidence. Therefore, the onus of proof still lies with the learner to substantiate the application for exemption.*
- Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word. / *Applications for exemption will be considered at the start of the school year only, unless the applicant can prove that the matter is urgent or necessitated by a change in circumstances.*
- In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag. / *In considering an application for exemption, the governing body shall be entitled to obtain any information that it deems necessary for a fair adjudication of the application.*
- Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig. / *The governing body shall consider the application for exemption with the necessary earnestness and responsibility, and within the framework of the Constitution and court judgements, and will inform the learner of its decision in writing.*

In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie dissiplinêre kode sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word. / In case of a violation of any provision in this code of conduct the prescribed disciplinary procedure shall be followed.

GETEKEN TE **ONVERWACHT** OP HIERDIE **30STE** DAG VAN **NOVEMBER 2018**
 SIGNED AT **ONVERWACHT** ON THIS **30TH** DAY OF **NOVEMBER 2018**

Beheerliggaamvoorsitter
Governing body chairperson

Skoolhoof
School principal

*Bullebakkery &
Kuber-
bullebakkery
Bullying & Cyber
Bullying*

**LAKERSKOOI
BOSVELD
PRIMARU**





Inhoudsopgawe Table of Contents



Bullebakkery en Kuberbullebakkery

Bullying and Cyber bullying

1.	Inleiding <i>Introduction</i>	36
2.	Woordoms krywing <i>Definitions</i>	36
3.	Toepassing <i>Application</i>	39
4.	Verbode aktiwiteite of gedrag <i>Prohibited activities or behaviour</i>	40
5.	Aanmelding <i>Reporting</i>	40

Bullebakkery en Kuberbullebakery

Bullying and Cyber Bullying

Hierdie beleid moet saam met die skool se Gedragskode vir Leerders gelees word, en maak ook 'n integrale deel daarvan uit. / This policy must be read in conjunction with the school's Code of Conduct for Learners, of which it forms an integral part.

1. Inleiding / Introduction

Hierdie dokument is die beleid oor bullebakery en kuberbullebakery van **Laerskool Bosveld Primary** wat die skoolbeheerliggaam op **30 November 2018** goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; die Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011; die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, en die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind, 1989. / *This document is the bullying and cyberbullying policy of **Laerskool Bosveld Primary** as approved by the school governing body on **30 November 2018**. The policy has been drafted in accordance with the provisions of the Constitution of South Africa, 1996; the South African Schools Act 84 of 1996 ('SASA'); the National Education Policy Act 27 of 1996; applicable provincial legislation on school education; the Protection from Harassment Act 17 of 2011; the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, and the United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989.*

Alle leerders is geregtig om skool te gaan in 'n openbare skool wat 'n veilige en geborge leeromgewing daarstel **Laerskool Bosveld Primary** se voornemens is om alle leerders van 'n billike leergeleentheid te voorsien. Daarvoor het die skool 'n beduidende belang daarby om 'n veilige, ordelike en beleefde skoolomgewing te skep wat onderrig en leer bevorder. / *All learners have the right to attend a public school that is a safe and secure learning environment. It is the intent of **Laerskool Bosveld Primary** to provide all learners with an equitable opportunity to learn. To that end, the school has a significant interest in providing a safe, orderly and respectful school environment, which is conducive to teaching and learning.*

